SPESIALE BEDRYFSOMSENDBRIEF

22 April 2020

Beste Tussenganger

BESKERM JOUSELF TEEN COVID-VERWANTE BEDROG EN SWENDELARY

Die coronavirus het gedurende die afgelope paar weke as 'n hooftema van kubermisdaad na vore getree namate die pandemie wêreldwyd posvat. Verlede maand het ons die aandag gevestig op COVID-19-swendelary wat in hierdie uitdagende tye algemeen voorkom.

Kubermisdadigers slaan munt uit die feit dat mense en besighede gedurende die tydperk van inperking weg van die werkplek af werk, omdat dit 'n ideale geleentheid vir minder sekuriteit en meer tyd aanlyn skep.

Die belangrikste bedrogkategorieë hou verband met reis en vakansies, aanlyn-aankope, vals teksboodskappe en swendelary. Oor die afgelope twee weke was daar 'n groot toename in afdreigware-aanvalle ("ransomware attacks") en veral "phishing"-bedrog. Die meeste van hierdie aanvalle begin met SMS'e of e-pos wat slagoffers verwys na domeine wat oënskynlik verband hou met COVID-19-nuus, die jongste inligting van die regering, of gesondheidsverwante produkte en dienste. Wat jy ook al doen, moenie antwoord op e-pos, SMS'e of WhatsApp-boodskappe wat wondermiddels vir die voorkoming of genesing van COVID-19 of moontlike erflatings van groot somme geld aanbied nie.

Bankbedrog en beleggingswendelary

Wees versigtig wanneer jy transaksies op bank- en afstandbetaling-apps aangaan. Terwyl inperking van krag is, plaas die toename in afstandtransaksies banke se IT-stelsel onder druk, wat 'n geleentheid vir kubermisdadigers is om bedrieglike transaksies aan te gaan. Wees ook versigtig vir telefoonswendelary ("phone scams") van jou "veronderstelde" bank. Die teikengroep van hierdie bedrieërs is ongelukkig diegene wat eensaam en kwesbaar is – waarsku dus asseblief ook familielede wat bejaard is of alleen woon.

Wees versigtig wanneer jy e-pos oor die "verandering van bankrekeningbesonderhede" ontvang of daarop antwoord. Onthou om die persoon te skakel wat die bankrekeningverandering versoek en bevestig die inligting telefonies.

Namate rentekoerse wêreldwyd in die nasleep van die COVID-19-krisis daal, sal baie verbruikers op die uitkyk wees na nuwe beleggingsgeleenthede en finansiële produkte. Bedrieërs gebruik die pandemie om individue deur aantreklike aanbiedinge te oorreed om in vals beleggings te belê.

Korttermynversekeringsbedrog

Alhoewel dit moeilik is om te bepaal hoe die korttermynversekeringsbedryf, insluitend Santam, geraak sal word, moet ons asseblief besonder versigtig wees wanneer eise vir die ondergenoemde verwerk word.

- Ongelukke waar die voertuig 'n totale wrak is en daar geen onafhanklike getuies is nie.
- Toevallige skade of skade veroorsaak deur oorstromings, hael, weerlig en storms
- Eise met betrekking tot kragstuwings
- Verlies van juweliersware
- Motorkapings (bedrieërs het inkomste nodig om hul motorpaaiemente te betaal)
- VAS-produkte

Santam is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (lisensienommer 3416)

SPESIALE BEDRYFSOMSENDBRIEF
22 April 2020

- Brandeise by klein kommersiële ondernemings
- Eise wat in ander bankrekeninge as die debietorder-bankrekeninge inbetaal word

Hierdie risiko word verhoog deur die feit dat menslike interaksie so ver moontlik verminder word, inspeksies virtueel uitgevoer word en kommunikasie via tegnologie geskied.

Domeinbedrog

In die jongste aanvalle wat wêreldwyd plaasvind, word slagoffers wat op die betrokke skakels klik na een domein en dan onmiddellik na 'n ander domein verwys. Deur voor te gee dat hulle 'n versekeringsmaatskappy, bank, mediese kenner of ander betroubare handelsmerk is, oortuig misdadigers die slagoffers om hulle te vertrou. Sodra daardie vertroue bewerkstellig is, maak die misdadigers daarop staat dat die slagoffers sal doen wat van hulle gevra word deur op bedrieglike aanhangsels/skakels te klik en vertroulike persoonlike inligting te verstrek, wat toegang tot kritieke toepassings en dienste moontlik maak.

Stuit die verspreiding van vals nuus

As 'n laaste waarskuwing wil ons ook versoek dat jy jou deel moet doen om die verspreiding van "vals nuus" te voorkom deur nie enige verdagte boodskappe aan te stuur nie. Enigeen wat vals nuus oor die coronavirus/COVID-19 versprei, kan vervolg word. Onthou om altyd die inligting te bevestig voordat jy dit deel.

Kubermisdadigers probeer reeds maande lank munt uit die coronavirus-krisis slaan deur "phishing"-aanvalle te loods en wanware met 'n coronavirus-tema te skep. Hierdie swendelary sal waarskynlik eers afneem wanneer die krisis verby is. Ons vra dus dat jy intussen daarop bedag sal wees.

Santam is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (lisensienommer 3416)